

18 Junie

Lukas 7:1-10, (Teks: 7:9)

Wat dink mense van my?

Ons wil almal baie graag in wees.

Gevolgtik doen ons dan soms dinge sodat mense 'n bepaalde indruk van my kry. Ek verander my self en dalk ook my beginsels om die goedkeuring en aanvaarding van mense te kan geniet. Deur voortdurend in die kalklig te wees, veroorsaak dat mense baie van my dink.

Die Jode het destyds nogal baie van die offisier gedink. Soveel so dat hulle by Jesus aandring dat Hy hom moet help. Die offisier het immers al baie vir hulle gedoen. Onder die Jode was hy baie gewild. Maar Lukas belig 'n ander hoek. Benewens dit wat ander van my dink, vorm ek ook 'n bepaalde beeld van myself. Daardie beeld is gewoonlik baie mooier en beter as wat ek graag sou wou hê. Al beskou die Jode die offisier as baie werd, bely hy sy eie onwaardigheid voor die Here. Miskien was dit die gevolg van kultuur of bevolkingstrukture. Uit sy opmerking is dit egter duidelik dat hy nie in voel in die Here se teenwoordigheid nie.

In die Here se antwoord aan die offisier leer ons die regte benadering t.o.v. dit wat ander van my dink. Met sy geloofsantwoord aan die Here, lewer hy daarvan bewys dat hy net by die Here 'n oplossing sal kry. Daaroor is die Here so verwonderd dat Hy verklaar dat Hy in die hele Israel nog nie so 'n groot geloof teëgekome het nie.

Vir die gelowige is dit dus nie van belang oor dit wat ander van my dink me. My eie opinie word eensydig gevorm en is dikwels te subjektief. Moenie u lewe en optrede hierdeur laat vorm nie.

Bestee eerder u aandag aan dit wat die Here van u dink!

Sing: Psalm 25:3

Ds. P.J. van Blerk (Birchleigh)